Jannie & Wilma

Leierskap toer na ISRAEL & Istanbul

saam met

Dr Jannie & Wilma le Roux

Vertrek: Dinsdag, 24 November 2015

BUITELYNE VAN ONS REISPLAN

(O)-Ontbyt **(A)**-Aandete **(*)**-Ete aan boord van die vliegtuig

Dag 1: Dinsdag, 24 Nov KAAPSTAD – ISTANBUL

Ontmoet mekaar om 15:00 by die Turkish Airlines toonbank in die Internasionale vertreksaal van die Kaapstadse Internasionale lughawe. Vertrek om 18:00 na Istanbul. Oornag aan **BOORD (A*)**

Dag 2: Woensdag, 25 Nov CAESAREA – MEGIDDO – KARMEL – TIBERIAS

Stryk om 05:00 in Istanbul neer waar ons die aansluitingsvlug na Tel Aviv om 06:45 haal. Stryk om 08:45 op die ben Gurion lughawe neer waar ons gids en toerbus gereed staan. Vertrek na Caesarea en besigtig die oorblyfsels van 'n kruisvaardervesting en die gerestoureerde Romeinse amfiteater. Caesarea is in die 13de jaar voor Christus deur Herodus die Grote gebou, en dit was ook die tuisdorp van Pontius Pilatus, Filippus en Cornelius. Reis verder na Megiddo en geniet 'n pragtige uitsig oor die vlakte van Armageddon waar die finale slag volgens die Skrif in die laaste dae sal plaasvind. Die opgrawings toon 26 nedersettings opmekaar waarvan die oudste uit ongeveer 4000v.C dateer. Josua het die stad ingeneem en gedurende die regering van Salomo was Megiddo een van die stede wat met strydwaens versterk was. Reis verder na die berg Karmel waar Elia die Baälpriesters om die lewe gebring het. Daar is 'n Karmeliete-klooster en 'n standbeeld van Elia op die terrein. Ons bestemming is die See van Galilea. Aandete en oornag by ons hotel in **TIBERIAS (O)(A)**

Dag 3: Donderdag, 26 Nov GALILEA OMGEWING

See van Galilea Bootvaart

Ontbyt word in u hotel bedien. In Nasaret sien ons die Kerk van aankondiging, Maria se put en Josef se grot. Dit is hier waar Jesus grootgeword het en waar Hy sowat 30 jaar gewoon het. Bring besoek aan die "Nazareth Village" waar ons in tyd teruggeneem word. Reis verder oor Kana waar Jesus se eerste wonderwerk plaasgevind het toe Hy die water in wyn verander het na die See van Galilea en besoek die Berg van Saligsprekinge waar die bergpredikasie gelewer is, die Kerk van Saligsprekinge en Tabgha, waar die brood en vis vermeerder is. 'n Entjie verder noord is die Mensa Christi kerk waar Jesus aan die dissipels verskyn het en hulle saam geëet het. Sien die uitgrawings van Petrus se huis en die bouvalle van 'n Sinagoge uit die Tweede eeu by Kapernaum. Bring dan besoek aan die Boot-museum waar u die sogenaamde "Jesus Boot" besigtig. Sluit die dag af met 'n bootvaart tydens sonsondergang op die See van Galilea met geleentheid vir 'n kort oordenking. Aandete en oornag in **TIBERIAS (O)(A)**

Dag 4: Vrydag, 27 Nov QUMRAN – EIN GEDI – MASSADA – DOOIE SEE

Vertrek vanoggend na Qumran waar die Dooie See boekrolle deur 'n jong skaapwagter ontdek is. Vertoef by Ein Gedi in die omgewing waar Dawid en sy manskappe teen Saul geskuil het. Ons volgende stop is die bergvesting Massada waar u per kabelspoor na die kruin geneem word. Besigtig die bouvalle van die eens luukse paleis van koning Herodus en geniet die lieflike uitsig oor die Woestyn van Judea en die Dooie See. Hier het die tragiese verhaal van Eleazer Ben Yair en sy 959 Joodse volgelinge, wat eerder massa-selfmoord gepleeg het as om hulle in die Romeinse besetters oor te gee, afgespeel. Reis na die Dooie See, die laagste plek op aarde. In die Bybel was dit bekend as die "sout see". Ons het geleentheid om letterlik "op" die water te dryf. Aandete en oornag by die **DOOIE SEE (O)(A)**

Dooie See

Dag 5: Saterdag, 28 Nov JERIGO – BETANIË – BETLEHEM – JERUSALEM

Vertrek vanoggend na Jerigo, die oudste bekende stad ter wêreld. Hierdie stad is deur Josua vernietig toe die Israeliete in opdrag van God, 7 maal om die stad geloop het en sy mure ineengestort het. Neem die kabelspoor na die "Berg van Versoeking" en geniet 'n indrukwekkende uitsig oor Jerigo en die berge van Nebo in Jordanië. Bring besoek aan die doopplek van Jesus by Betabara. Bring besoek aan Betanië waar die graf van Lasarus vandag nog te sien is. In Betlehem sien ons die geboorteplek van Christus en die herdersvelde voordat besoek gebring word aan die geboortekerk wat beskou word as die oudste ter wêreld – gebou oor die grot wat aangedui word as die plek waar Jesus gebore is. U het geleentheid om aandenkings te koop by 'n groot Curio-winkel waar olyfhout-produkte baie gewild is. Aandete en oornag by ons hotel in **JERUSALEM (O)(A)**

Dag 6: Sondag, 29 Nov JERUSALEM

Reis vanoggend na Jerusalem, die "Stad van Vrede" soos reeds vroeg in die Bybel na verwys word. Ons toer van Jerusalem begin by die Olyfberg of Olivet vanwaar u 'n pragtige uitsig oor die Ou Stad en die tempelterrein het. Hier van die Olyfberg af het Jesus sy dissipels gestuur om die donkie te gaan haal waarop Hy Jerusalem sou binnery. Besoek die Tuin van

Getsemane waar Jesus gebid het. Judas het Jesus hier verraai en Hy is na Kajafas geneem om aangekla en verhoor te word. Die "Kerk van alle Nasies" is in hierdie tuin geleë waar verskeie Olyfbome vandag steeds groei. Die huis van Kajafas bekend as "Peter in Gallicantu" is volgende op die program. Bring besoek aan die stad van Dawid waar die poel van Silaom en Hiskia se tonnel vandag nog te sien is. Opsionele geleentheid om deur die tonnel van Hiskia te stap. Besoek dan die Bo-vertrek waar die laaste Avondmaal genuttg is en sien die graf van Dawid. Laatmiddag besoek aan die klaagmuur, die allerheiligste plek vir die Jode. Aandete en oornag in **JERUSALEM (O)(A)**

Dag 7: Maandag, 30 Nov JERUSALEM

Begin die dag by die Yad Vashem gedenkmuseum wat opgerig is ter nagedagtenis aan die Jode wat hul lewens tydens die Tweede Wêreldoorlog verloor het. Ons word na die Ou-Stad geneem en stap na die Bad van Bethesda en die kerk van St Anne. Geniet 'n bietjie vrye tyd in die Ou-stad van Jerusalem. Sien die vesting van Antonio, waar Jesus verhoor is en die plaveisel waar Hy sy kruis opgeneem het. Ons volg die 14 stasies van die Via Dolorosa wat begin by Pilatus se verhoorsaal. Sluit vandag ons besoek aan Jerusalem af by die Tuingraf waar u op 'n toer van die terrein geneem word. Een van die personeel van die Christen ambassade sal aan u verduidelik waarom hierdie plek die waarskynlike graf van Jesus is. Geniet 'n pragtige uitsig oor Golgota wat ook bekend staan as Gordon's Calvary. Nagmaal word by die tuingraf bedien. Vanaand kan u gerus besoek aan Ben Yehudastraat bring waar straatkafees en -musikante tot laataand kuier. Aandete en oornag in **JERUSALEM (O)(A)**

Dag 8: Dinsdag, 01 Des JERUSALEM – BEN GURION – ISTANBUL

Vroeg-oggend oorplasing na die lughawe vir die vlug wat om 08:00 na Istanbul vertrek. Met die aankoms om 10:15 word ons ontmoet vir 'n bootvaart op die Bosphorus. Bring dan besoek aan die St Sophia Kerk en besigtig die indrukwekkende Blou moskee. Maak 'n draai by die gewilde onderdak basaar voordat ons 'n tipies Turkse afskeidsete geniet. Keer terug na die lughawe vir die vlug wat net na middernag om 01:15 na Suid-Afrika vertrek. Oornag aan **BOORD (O)(A)**

Dag 9: Woensdag, 02 Des KAAPSTAD

Stryk om 12:50 op Kaapstad se Internasionale lughawe neer; ryk aan herinneringe en verryk in die gees. Eendag maak ons weer so! **(O*)**

Jerusalem

Caesarea

Capernaum

Garden Tomb entrance

TOERPRYS: R25 980 per person (bereken teen **R11,00 – R11,50 = US$1,00)**

Ons sal die wisselkoers-skommeling tot op R11,50 absorbeer

Toerprys soos volg saamgestel: **Lugreisgeld:** R8 655** / **Landreëlings:** R17 325 / US$1 575

Die Randwaarde van ons toerprys is onderhewig aan verandering na gelang van die skommeling van die Rand/Dollar wisselkoers en moontlike lugreisgeld verhogings. Tariewe gebaseer op 'n minimum groepgrootte van 16 passasiers wat saamreis. ***Geldsake: DEPOSITO*** *van* ***R3 000*** *betaalbaar met registrasie. Deposito's is nie-terugbetaalbaar. Balansbetaling sowat 8 weke voor vertrek waarop die wisselkoers van die dag van toepassing sal wees.*

***Spesiale lugreisgeld onderhewig aan beskikbaarheid tydens vroeë bespreking en uitreik van u vliegkaartjie*

INGESLUIT BY DIE TOERPRYS

- Ekonomiese klas retoervlugte vanaf Kaapstad insluitend lughawebelasting & brandstofheffing
- Etes soos per program: **(O)-**Ontbyt **(A)**-Aandete
- Vierster toeristeklas akkommodasie gebaseer op 2 persone per kamer
- Engelssprekende toergidse en luukse vervoer
- Besigtigingstoere en ingangsfooie soos per program
- Fooitjies aan toergidse, busbestuurders, hotelpersoneel en portiere
- Visums vir Turkye is gratis vir Suid-Afrikaanse paspoorthouers

NIE INGESLUIT

- Opsionele enkelkamer US$75 per nag
- Opsionele reisversekering vanaf R890 per persoon

StarGate international

Vir nadere besonderhede, kontak

Jannie le Roux

Tel: 021 856 1385 / 072 127 5043

jgleroux@isales.co.za